VBO gaan oor die verdieping van ons kennis en insig in die waarheid van die evangelie, ons ingesteldheid teenoor ons roeping en ons werk en oor die slyping van ons bedieningsvaardighede.

Maar dit gaan veral oor *konstante leerbaarheid* en oor die *moed* om in nuwe situasies in te gaan met die vertroue dat die Here ons kan leer en `n weg kan wys wat ons nie vooraf helder gesien het nie.

VBO kernwaardes

- Die voortgesette verdieping van ons kennis, insig en geloof in die evangelie
- Die bevordering van geestelike groei, roepingsverdieping en persoonsontwikkeling
- Slyping van bedieningsvaardighede vir missionêre gemeentes in diens van die koninkryk vandag
- Om getrou aan ons gereformeerde tradisie te bly slyp aan ons vermoë om teologies te onderskei

Die behoud en bevordering van bedieningsvreugde en bedieningsmoed

Lees hieronder

- **Presies wat het die Sinode besluit?...**
- **Hoe werk die punte?...**
- **Twaalf goue reëls van Volwasseleer...**
- **Ons voorstel vir VBO...**
- **Voorlopige kursusaanbod...**

Those who practice excellent pastoral leadership are both self-directed and career-long learners. They are not so much a "learned" clergy as a "learning" clergy. They take the initiative in asking questions like these: What am I learning in my successes and failures in pastoral ministry? What new things do I need to know to do the job God has called me to do? What intellectual and practical resources do I need in order to face challenges that can come over the course of my career?

—Jack Carroll

VBO-Nuus

Kom ons maak die beste van die geleentheid!

AS neem sterk besluit

Die Algemene Sinode het in Junie `n sterk besluit oor Voortgesette Bedieningsopleiding geneem.
Die besluit het twee wesenlike punte: dit maak VBO verpligtend en afdwingbaar vir alle predikante, maar bepaal ook dat die sisteem en inhoud van VBO voortdurend met predikante onderhandel moet word.
Dit is nie `n nuwe besluit nie. Dit bevestig en versterk vorige besluit van so vroeg as 1980 dat Voortgesette Opleiding verpligtend is vir alle predikante.

Redes vir besluit

Wat agter die besluit sit, is die oortuiging dat dit beide in gemeente en predikante se belang is dat predikante verbind is tot lewenslange leer. Feitlik alle professionele beroepe het reeds lewenslange leer verpligtend gemaak tot op die vlak dat mense hul registrasie kan verloor as hulle nie bly leer nie.

Almal wat al `n bietjie hieroor nagedink het weet dat hierdie `n goeie en nodige besluit is wat ons volle steun verdien.
Die groot kuns gaan wees om dit nou op so `n manier te implementer dat ons die beste daarvan maak en daaruit haal.

Reg en wys implementeer

Daar is `n paar belangrike uitgangspunte wat ons in gedagte sal moet hou as ons van VBO `n werklik positiewe en opbouende ervarings wil maak.

1. VBO gaan die beste werk as dit verbind word aan persoonsgroei, geloofsverdieping en roepingsverstaan.

2. Daar moet `n redelik groot keusevryheid wees sodat `n predikant as't ware `n program wat pas by sy/haar behoeftes en groei kan uitwerk. Van die nuwer suksesvolle ontwikkelings in MBA-kringe is wat genoem word `n "personalized MBA". Ons sal wil poog om dit moontlik te maak

3. Kursusse moet teologies gegrond maar ook prakties toepaslik wees. Dit moet deelnemers op ten minste vier vlakke bou: kennis, insig, houding (ingesteldheid) en vaardigheid.

Kom ons maak dit werk!

Van die VBO-instansies se kant is ons verbind om hierdie ervaring so sinvol en positief as moontlik te maak.
En as almal leerbaar moet wees, wil en moet ons dit sekerlik ook wees.
Ons gaan jaar vir jaar evalueer saam met julle en vra hoe ons dit beter kan doen!
Kom ons maak dit saam werk!

Leer belangrike saak in Bybel en Gereformeerde Tradisie

Leer is `n sentrale saak in die Bybel. Van die mooiste tekste in die Bybel het te doen met leer en leerbaarheid. Dink aan die Psalmis se gebed in so baie Psalms dat die Here hom moet leer.
Daar is `n manier waarop leer gesien kan word as `n wesenlike deel van bekering. Ons weet dat Calvyn sy bekering beskryf het in diè terme. Die Here, sê hy, het `n gees van genoegsaamheid by hom weggeneem en hom `n gees van leerbaarheid (teachability) gegee wat hom sy lewe lank sou by bly en soos `n vuur in hom sou bly brand.
Om `n leerling te wees is natuurlik ook die sentrale saak in dissipelskap.
Dalk is Jesus se dissipelkring dié model van lering wat ons in VBO moet gebruik.

Matt 11:28-29 `n basisteks vir VBO?

Is daar `n teks wat `n mens as `n soort basisteks vir VBO sou kon gebruik? Dalk kan Matt 11:28-29a ons help. Daar staan**: Kom na my toe almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My…**
Daar is vier momente in die teks wat elk iets verwoord van wat `n mens hoop in die VBO-program kan gebeur

- As predikante het ons tye nodig waar ons met ons moegheid (en soms ons radeloosheid) saam na Christus toe kan gaan
- Die eerste wat gebeur in so `n situasie is nie dat die Here ons in die werk steek nie, maar dat Hy ons help om in Hom en sy werk te leer rus
- As ons rus herstel is, nooi Hy ons om weer sy juk op ons te neem. Dit sou ons kon sien as ons roeping – nie soos ons of ander mense dit sien nie, maar soos Christus dit vir ons gee
- As ons roeping weer vasgemaak is, nooi Hy ons om van Hom te leer. Alles wat ons in VBO leer behoort op `n manier verbind wees aan Christus en aan sy lering.

HOE GAAN DIE STORIE WERK….?

Besluit van die Algemene Sinode

- Die sinode besluit om in belang van bedieningsbevoegdheid, voortgesette teologiese opleiding vir huidige predikante as verpligtend en afdwingbaar te beskou.
- Die Sinode besluit om so gou as moontlik via die betrokke kommissies en sinodes predikante te raadpleeg oor die beste en sinvolste manier waarop hierdie verpligte en afdwingbare VTO ingerig kan word
- Die eerste vier jaar is `n infaserings-periode waartydens aanpassings gemaak kan word—om die program te laat werk
- Sinode, Ringe en gemeentes word gevra om saam met die AS en die VBO's eienaarskap hiervoor te aanvaar.

Voorbeeld: Voorgestelde besluit WK Sinode

- Ons aanvaar die AS se besluit en implementeer dit
- Ons stel 'n kommissie vir VBO aan
- Daar word sinodaal begroot vir VBO; predikante betaal wel `n kleiner deel (die eerste jaar R100) en gemeentes word gevra vir `n vrywillige bydrae van R1000 per predikant
- tyd vir VBO (ongeveer `n week per jaar vir die meeste predikante) geld nie vir verlof nie
- Predikante doen verslag aan die Kerkraad oor VBO met die doel dat die inhoud in die gemeente bespreek word.
- Die VBO-kommissie evalueer die proses jaarliks en maak aanpassings waar nodig.

Ons aanvaar dus

- dat ons nou begin met die implementering van verpligte VBO
- dat ons dit saam met ons predikante gaan doen op `n manier wat hulle gaan help
- dat die infaseringtyd van vier jaar ons juis kans wil gee om `n sisteem uit te werk wat nie nog `n las op predikante plaas nie maar tot hulle groter diensbaarheid en bedieningsvreugde en bedieningsvaardigheid bydra

Hoe die punte presies werk

Sluit aan by internasionale sisteem

Ons gaan aansluit by die sisteem wat internasionaal deur die meeste ander professies gebruik word, maar dit aanpas vir ons eie gebruik.

- Ons mik daarna om uiteindelik ook van almal te vra om 100 punte (= 100 uur) per jaar te verwerf, maar gaan dit infaseer. Van predikante in die eerste drie jaar van hul bediening gaan ons dit reeds vra, maar vir die ander gaan ons die eerste vier jaar begin met net 50 punte (= 50 uur) per jaar.
- Vir die begin gaan ons onderskei tussen gefokusde 3-dag kursusse waarvoor 30 punte verdien kan word en `n variasie van ander leergeleenthede (sien hiernaas) waardeur die orige 20 punte verdien kan word.
- Ipv formele evaluering stel ons voor dat predikante aan die kerkraad verslag doen oor die VBO waarby hulle betrokke was. Die bedoeling is dat die insigte deur die kerkraad of `n kommissie bespreek sal word met die oog op moontlike implementering of benutting daarvan in die gemeente.
- Dit is in beginsel moontlik dat predikante vir die VBO-werk akademiese krediete kan verwerf wat kan lei tot `n graad. Daarvoor sal egter addisionele evaluerings gedoen moet word.

Verskillende maniere waarop punte verdien kan word

Omdat ons weet dat mense op verskillende maniere leer wil ons ook ander programme as net formele kursusse akkrediteer met die oog op VBO. Ons het besluit om reeds nou al die volgende metodes/programme te erken:

- Studiegroepe of werksgroepe (soos bv Buvton-groepe of werkgroepe wat kommissies saamstel)
- Konferensies of kursusse soos Verantwoordelike Vernuwing
- Bywoning van Retraites
- Inskakeling by `n mentoraatsprogram
- Company of Pastors-program (sien vlge blad)
- Dagkonferensies gereël deur die sinode, ring, streek of VBO
- Vakwetenskaplike werkgemeenskappe
- Aanleer van derde taal
- Studietoere (binnelands of buitelands)
- Verdere studie
- Artikels in `n geakkrediteerde tydskrif
- Geakkrediteerde kursusse aangebied deur ander instansies

Lewenslange leer — waarom al hoe meer professies, instansies en maatskappy dit vereis

Al hoe meer beroepe en instansies beskou lewenslange leer as een van die basiese vereistes wat hulle aan personeel stel. Wat is die redes hiervoor?

- Ons leef in `n snelveranderende wêreld waarin werksituasies en werksopdragte binne jare ingrypend kan verander—tot op die punt dat sekere beroepe uitgefasseer is.
- Vanweë die snelle verandering raak kennis al hoe gouer gedateerd. In Australië is `n studie gedoen wat getoon het dat heelwat universiteitsgrade na 10 jaar totaal gedateerd was.
- Die tyd van `n loopbaan van gewaarborgde werk in `n rigting waarin jy vir `n aantal jare opgelei is, is feitlik iets van die verlede. Opgeleide mense het `n verantwoordelikheid om by te bly sodat hulle in nuwe situasies sinvol kan bly werk. Van die diepste weerstande teen lewenslange leer het waarskynlik te doen met `n amptenaar-mentaliteit wat oordeel dat die sisteem wat my opgelei het moet sorg dat ek vir 40 jaar daarna nog werk het.
- Daar is al hoe meer lande wat reeds beleid oor lewenslange leer goedgekeur het omdat hulle dit as wesenlik vir die land se ontwikkeling beskou.

  Dit is een van die verskille tussen samelewings wat dit gemaak het en ander wat ondergegaan het. Samelewings wat dit gemaak het, het heelwat mense gehad wat gereed was om in krisissituasies planne te maak en nuut te leer. Lewenslange leer gaan oor `n ingesteldheid van leerbaarheid, `n gereedheid om die pyn te vat wat in so `n situasie gevra word - omdat hulle omgee.

PLANNE OOR HOE ONS DIE STORIE NOG BETER KAN LAAT WERK!

Ons aanbeveling

begin met roepingsretraite, kry `n mentor en werk saam met mentor jou eie VBO-program uit

As julle sou vra na ons aanbeveling, sou ons voorstel dat julle begin met die bywoning van `n roepingsretraite waar predikante met mekaar praat oor hul roeping. Ons ervaring is dat `n gereelde herbesoek van ons aanvanklike roeping, krities belangrik is vir ons verstaan van ons roeping en werk. Die meeste van ons gaan deur tye waar ons roeping minder duidelik vir ons is of waar ons ons passie verloor het. As ons wil regmaak en groei, is dit die plek om te begin. Ons het reeds so `n roepingsretraite uitgewerk en dit is al `n paar keer beproef.

Ons ideaal is dat so `n roepingsretraite opgevolg word deur individuele gesprekke met `n mentor of raadgewer. Dit kan `n mens help om te besluit waar jy tans in jou bediening is en op watter punte jy groei en leer nodig het. Op die manier kan `n persoonlike VBO-program vir elke predikant uitgewerk word en kan die VBO-sisteem `n mens help om jou eie bruikbaarheid vir die Here en sy koninkryk te verhoog.

Ons is aan die onderhandel met die Teologiese Fakulteit om van die VBO-programme geakkrediteer te kry met die oog op graaddoeleindes. Ons behoort vroeg volgende jaar te weet wat moontlik is en wat nie.

Waar gaan kursusse aangebied word?

- Moontlik 'n jaarlikse VBO-konferensies in sentrale plekke
- Kursusse op sentrale plekke in die sinodes
- Kursusse soos aangevra deur Ringe of streke.
- Kursusse op deurlopende basis in Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein

Company of Pastors—leer by die Presbiteriane?

Die Presbiteriaanse Kerk in die VSA het `n klompie jare gelede begin met `n program wat hulle *Company of Pastors* noem. Die naam kom uit Calvyn se tyd en was is gebruik deur die groep predikante van Geneve wat weekliks saamgekom het om te bid en om te gesels oor hulle bediening en prediking.

Die doel van die groep is oefening in die geloofsdissiplines, opknapping vna kennis, wedersydse ondersteuning en wedersyds verantwoordbaarheid.
Die groep verbind hulself om

- daaglikse skriflesings te doen,
- daagliks `n gedeelte uit die Belydenisskrifte te lees,
- daagliks te bid vir mekaar en vir die kerk van Christus,
- jaarliks vier goeie boeke oor die bediening en die teologie te lees,
- inligting met mekaar uit te ruil via `n tydskriffie wat hulle het en
- een keer per jaar `n streeksbyeenkoms van die CoP by te woon.

Ons oorweeg die vorming van so `n groep hier. Joseph Small, organiseerder van die groep in die VSA was baie opgewonde toe ons die moontlikheid vir hom genoem het. Hy meen selfs dat ons moet kyk of ons nie predikante in die VSA en in SA aan mekaar kan bekendstel om vir mekaar te bid, ens nie

If you think education is expensive, try ignorance—Derek Bok, voormalige president van Harvard

Twaalf Goue Reëls van Volwasseleer

1. Volwasseleer werk die beste as dit nie net op kennis fokus nie, maar deel is van mense se persoonsgroei, selfsverstaan en vaardigheidsontwikkeling.
2. Dit is wesenlik dat volwassenes inspraak kry in wat geleer word en ook in die uiteindelike evaluering van die leerproses.
3. Die meeste volwassenes leer nie vir toekomstige toepassing nie, maar vir onmiddelliker gebruik.
4. Volwassenes se lewens– en praktykervaring moet erken word as `n leerbron waaruit geput kan word in die leerproses.
5. Mense, sekerlik ook volwassenes, leer nie almal op dieselfde manier nie – leerstyle verskil .
6. Volwassenes se oriëntasie tov leer is lewensgerig: die leerproses sal moeilik volgehou kan word as volwasse leerders dit nie as sinvol en betekenisvol vir hulle lewens en werk sien nie.
7. Die meeste mense leer die beste in `n ontspanne en vrye atmosfeer.
8. Navorsing dui daarop dat baie mense ten beste leer in kleiner gemeenskappe of werkgroepe – sg *communites of practice*
9. *Learning is more important than teaching!* Ons moet nie te hoë verwagtings hê van leer as *onderrig* (teaching) nie; die kernsaak is dat mense soveel en so goed as moontlik *leer*.
10. Nuwe navorsing wys dat mentorskappe en *coaching*-programme baie effektief is in volwasseleer .
11. Die meeste volwassenes moet leer hoe om sinvol te leer.
12. Daar moet rekening gehou word met volwassenes se weerstand en vrese om op `n ouer ouderdom weer te leer.

We are coming to believe that leaders are those people who "walk ahead", people who are genuinely committed to deep change in themselves and in their organizations. They lead through developing new skills, capabilities and understandings.
- Peter Senge

Onthou

As julle behoefte het aan 'n kursus wat nie op die lys verskyn nie, kan julle met die VBO – Forum daaroor onderhandel!!

Ringe en Sinodes kan ook met VBO –Instansies onderhandel oor ander kursusse of oor plaaslike aanbiedinge

KONTAK BESONDERHEDE:

COMMUNITAS
POSBUS 3322
MATIELAND 7602
TEL (021) 808 3624
FAKS (021) 886 5701
CMER@SUN.AC.ZA

EXCELSUS
POSBUS 12100
HATFIELD
0028
TEL (012) 420 4951/2
FAKS (012) 420 5276
SBO.EXCELSUS1@UP.AC.ZA

SHEPHERD
BADENHORST STRAAT 22
BLOEMFONTEIN
9322
TEL (051) 401 3803/3995
BOTHAGP.HUM@UFS.AC.ZA

VBO-FORUM
HUIDIGE LEDE:
DS ANDRE BARLOW
DR GERHARD BOTHA
DR COENIE BURGER
DR FLIP DU TOIT
PROF MALAN NEL
(VOORSITTER)
DR MICHIEL STRAUSS

Voorlopige lys van kursusse vir 2009
Vir Predikante met meer as 4 jr diens

1 OT & Prediking

2 NT & Prediking

3 Bybels en Teologies gedink oor die kerk en die bediening

4 Prediking

5 Evangelisasie

6 Jeug en Familie

7 Publieke getuienis en die rol van die kerk in SA

8 Bemagtiging van lidmate

9 Predikante: persoonsgroei, selfbestuur, loopbaan-ontwikkeling

10 Missionêre gemeentewees en Bleierskap

11 Christelike Etiek

12 Dogmatiek

13 Leer van die Gemeentes uit die Vroeë Kerk

14 Liturgie en Liturgiese leiding

15 Die gemeente as sorg en motiveringsisteem

16 Sakramentsverstaan en gemeentelike viering van Doop- en Nagmaalviering

17 Rentmeesterskap en Gemeentefinansies

18 Dogmatiek

19 Nuwe Gemeente Ontwikkeling

20 Luisterseisoen in gemeentes

21 Luisterryke Vergaderings

22 Hermeneutiek

23 Wie was Calvyn? 1509-2009

24 Gemeenteleierskap

25 Musiek in bediening en erediens

26 Toekomskunde: konteks en bediening

27 Transformasie bestuur

28 Christelik-sosiale teorie

VIR PREDIKANTE MET 1-3 JR DIENS

Verpligte kursusse

1 Prediking: God se Woord deur my mond? (gee aandag aan predikante se ervaring van die erediens; kyk na kommunikasie, die preekmaakproses en veral na die inhoud van die preek)

2 Missionêre gemeente-wees: van teorie na praktyk

3 Predikant-wees: geestelike dissiplines wat ons kan help na volwasse leierskap

Ander kursusse

Vestiging van koinonia-bouende vaardigheid
Bedienings op die rand: leierskap in grenssituasies.
Kursus oor Christologie: `n dieper kyk na Christus
Toerusting en bemagtiging van lekeleiers.
Hoe om nie net lidmate te versorg nie maar dissipels te maak

***Nota**: die **kursief gedrukte kursusse** is deur die VBO- Forum aangedui as die belangrikstes vir komende jaar. Daar is kleiner groepe aangewys om saam te werk aan `n kern-kurrikulum vir elk van die kursusse.*